

100 JAAR

1918 • 2018

ACORN

AGRI & FOOD

FINANSIËLE RESULTATE

2018

Omset
styg tot R6.4 miljard
(2017: R3.0 miljard)
▲ 115%

Bruto wins
styg tot R760.1 miljoen
(2017: R536.7 miljoen)
▲ 42%

Kern wesensverdienste
daal tot R146.3 miljoen
(2017: R159.0 miljoen)
▼ 8%

Gewone dividend per aandeel
bly onverandered op R0.55*
(2017: R5.52)

* vergelyk met 55.2 sent van die vorige jaar

INLEIDING

Overberg Agri en Acorn Agri het in November 2017 'n samesmeltingsooreenkoms gesluit en die transaksie om 'Acorn Agri and Food' te stig is finaal geïmplementeer op 2 Mei 2018. Die finansiële resultate weerspieël dus steeds die resultate van die voormalige Overberg Agri, hoewel daar eenmalige kostes was voortspruitend uit die transaksie.

Om sin te maak uit die vergelyking met vorige jare, rapporteer ons 'n kern wesensverdienste ten einde 'n beter aanduiding te gee van die onderliggende finansiële prestasie van die Overberg Agri Groep. Die kern wesensverdienste is nie deur die Groep se aangestelde eksterne ouditeur, PricewaterhouseCoopers Ing., nagesien of geouditeer nie.

BEDRYFSVERTONING

Aangesien landbou steeds die grootste bydrae lewer tot die Groep se inkomste, speel die produksie omgewing 'n belangrike rol in die finansiële prestasie van ons Groep. Vir die jaar onder oorsig was daar dele van ons produksie gebiede waar erge droogte geheers het en wat uit die aard van die saak 'n wesenlike impak gehad het op die prestasie van die Overberg Agri Groep.

Omset het met R3.4 miljard tot R6.4 miljard gestyg. Die groei in die waarde van sake gedoen is hoofsaaklik toe te skryf aan die verkryging van 'n bykomende belang van 2% in Moov Fuel, waarna die Groep nou die meerderheidsaandeelhouer in die maatskappy is. Die addisionele groei in die waarde van bestaande besigheid van 10% is grootliks as gevolg van 'n toename in die aantal transaksies gedoen.

Bruto wins het met R223 miljoen gestyg en die verandering in die verkoopsmengsel met hoër verkope in laer-marge brandstofverkope het bruto winsmarges van die Overberg Agri Groep onder druk geplaas.

Uitgawes het met 43% gestyg, bykans dieselfde persentasie as die bruto winsgroei, met wesenlike investering in die verbetering van die menslike kapitaal-pilaar van ons besigheid. Ofskoon die toename in bedryfsuitgawes hoër as in vorige jare was, is kostes goed in toom gehou en is sekere investerings nou reeds gedoen om die groei-inisiatiewe te ondersteun wat die grondslag van ons mediumtermyn- strategiese plan vorm.

Rente ontvang het met 12.6% gestyg as gevolg van verhoogde kredietverkope en 'n hoër gemiddelde debiteureboek. Finansieringskoste het met 18.7% gestyg weens die hoër gemiddelde lenings gedurende die jaar om groei te ondersteun.

Kern wesensverdienste per aandeel van 1 878 sent het met 8% gedaal teenoor die vorige finansiële jaar en kan

KOMMENTAAR

hoofsaaklike toegeskryf word aan die droogte toestande wat geheers het in ons bedieningsgebiede.

FINANSIËLE POSISIE

Kapitaaluitgawes van R237.8 miljoen is gedurende die jaar aangegaan. R159 miljoen hiervan is aangewend om kapasiteit uit te brei terwyl 'n verdere R78.8 miljoen gebruik is om vervangingsbates te finansier.

Met inagneming van Boltfast se bedryfsvertoning, is daar besluit om 'n waardedaling van R37 miljoen te doen op klandisiewaarde.

Beskikbaar-vir-verkoop-beleggings, wat 'n belegging in Pioneer Foods Groep verteenwoordig, het met R316 miljoen tot R661 miljoen verminder weens die verkoop van 'n gedeelte van die belegging, asook 'n R32.24 daling in die waarde van een Pioneer Foods Groep aandeel gedurende die jaar onder oorsig.

Die Groep gaan voort om stewige kontantvloei uit bedrywighede te genereer (R118 miljoen), waarvan 'n wesenlike bedrag herbelê is in die Groep om groei te ondersteun.

DIVIDEND

'n Bruto finale dividend van 55.0 sent per aandeel, vergeleke met 55.2 sent die vorige jaar, is deur die Raad van Direkteure uit inkomstereserwes verklaar. Aandeelhouers sal die opsie hê om 'n kontantdividend of kapitalisasie-aandele in die plek van 'n dividend te neem. Dokumentasie sal volg.

Die tersaaklike datums vir die uitkering is:

Verklaringsdatum	12 Junie 2018
Rekorddatum om vir die dividend te kwalifiseer	29 Junie 2018
Betaaldatum	31 Julie 2018

VOORUITSIGTE

Die strawwe landbouomstandighede wat die vorige jaar ondervind is gaan steeds 'n rol speel in die prestasie van die Groep in die komende finansiële jaar. Ons groter diversifikasie binne Acorn Agri and Food behoort ons egter minder kwesbaar te maak vir hierdie invloede.

Die uitgebreide Groep sal as gevolg van sy voetspoor en diverse dienspakket aan kliënte sy stewige organiese groei kan volhou en op nuwe sakegeleenthede fokus, wat 'n positiewe invloed sal hê op verdienste.

GEBEURE NA DIE RAPPORTERINGSDATUM

Overberg Agri Bpk en Acorn Agri (Edms) Bpk het 'n samesmeltingsooreenkoms gesluit waarvolgens hulle beoog om hul onderskeie besighede in een gekombineerde entiteit, Acorn Agri and Food Bpk, te amalgameer. Ooreenkomstig IFRS3 is Overberg Agri Bpk vir rekeningkundige doeleindes as die verkryger aangedui. Die effektiewe datum was 2 Mei 2018.

Overberg Agri Bpk het al die beleggings verkry wat deur Acorn Agri (Edms) Bpk gehou is deur die onderstaande stappe te volg:

1) Ingevolge 'n Uittree Aanbod aan bestaande Overberg Agri Bpk-aandeelhouers is 288 474 aandele van aandeelhouers wat die aanbod aanvaar het op 30 April 2018 teen R256 per aandeel teruggekoop;
2) Die aantal Overberg Agri Bpk-aandele wat vóór die voorgestelde samesmeltingtransaksie deur Acorn Agri (Edms) Bpk gehou is, was 1 997 270. Hierdie aandele is op 2 Mei 2018 as deel van die transaksie teen R256 per aandeel teruggekoop;
3) Overberg Agri Bpk het 8 219 910 vergoedings-aandele aan die nuwe aandeelhouers uitgereik vir die beleggings verkry wat deur Acorn Agri (Edms) Bpk gehou is. Die billike waarde van Acorn Agri (Edms) Bpk op die verkrygingsdatum was R1 993 828 903;
4) Daarna, op 2 Mei 2018, is nege addisionele aandele toegeken aan elke aandeelhouer as kapitalisasie-aandele vir elke aandeel wat deur daardie aandeelhouer gehou is.

Die uitgereikte aandelekapitaal ná implementering van die bogenoemde stappe is 137 302 770. Vir nader besonderhede oor die transaksie, verwys asseblief na die Omsendbrief wat op 7 Februarie 2018 uitgereik is.

WAARDERING

Die Raad van Direkteure wil hul waardering uitspreek teenoor die Groep se werknemers, aandeelhouers, klante en verskaffers vir hul volgehoue ondersteuning en lojaliteit.

Namens die Raad van Direkteure

DG de Kock
Overberg Agri Voorsitter

AJ Uys
Hoof Uitvoerende Beampte

Caledon
12 Junie 2018

Die opgesomde finansiële resultate is voorberei deur L de Villiers, Overberg Agri Groep Finansiële Bestuurder, onder toesig van LE Coetzer, Uitvoerende Direkteur.

Die volledige geouditeerde finansiële state van Acorn Agri and Food kan aangevra word by 028 214 3800 of 021 852 2887.

ONAFHANKLIKE OUDITEUR SE VERSLAG OP DIE

OPGESOMDE GEKONSOLIDEERDE FINANSIËLE STATE

Aan die aandeelhouers van Acorn Agri and Food Beperk

MENING

Die opgesomde gekonsolideerde finansiële state van Acorn Agri and Food wat bestaan uit die opgesomde gekonsolideerde staat van finansiële stand soos op 28 Februarie 2018, die opgesomde gekonsolideerde inkomstestaat en opgesomde gekonsolideerde state van omvattende inkomste en kontantvloeie vir die jaar geëindig, en verwante aantekeninge, is opgestel vanuit die geouditeerde gekonsolideerde finansiële state van Acorn Agri and Food vir die jaar geëindig 28 Februarie 2018.

Na ons mening, is die meegaande opgesomde gekonsolideerde finansiële state konsekwent, in alle wesenlike opsigte, met die geouditeerde gekonsolideerde finansiële state, ooreenkomstig die grondslag wat beskryf is in die aantekening en die vereistes van die Maatskappywet van Suid-Afrika soos toepaslik op opgesomde finansiële state.

OPGESOMDE GEKONSOLIDEERDE FINANSIËLE STATE

Die opgesomde gekonsolideerde finansiële state bevat nie alle openbaarmaking soos vereis deur IFRS en die vereistes van die Maatskappywet van Suid-Afrika soos toepaslik op finansiële jaarstate nie. Die lees van die opgesomde gekonsolideerde finansiële state en die ouditeur se verslag daarop kan gevolglik nie as plaasvervanger vir die lees van die geouditeerde gekonsolideerde finansiële state en die ouditeur se verslag daarop gesien word nie.

DIE GEOUDITEERDE GEKONSOLIDEERDE FINANSIËLE STATE EN ONS VERSLAG DAAROP

Ons het 'n ongekwalifiseerde ouditmening uitgespreek op die geouditeerde gekonsolideerde finansiële state in ons verslag gedateer 12 Junie 2018.

DIREKTEURE SE VERANTWOOR DELIKHEID VIR DIE OPGESOMDE GEKONSOLIDEERDE FINANSIËLE STATE

Die direkteure is verantwoordelik vir die opstel van die opgesomde gekonsolideerde finansiële state ooreenkomstig die grondslag wat beskryf is in die aantekening en die vereistes van die Maatskappywet van Suid-Afrika soos toepaslik op opgesomde finansiële state.

OUDITEUR SE VERANTWOORDELIKHEID

Ons verantwoordelikheid is om 'n mening uit te spreek of die opgesomde gekonsolideerde finansiële state konsekwent is, in alle wesenlike opsigte, met die geouditeerde gekonsolideerde finansiële state, gebaseer op ons prosedures, wat ooreenkomstig die *'International Standard on Auditing (ISA) 810 (Revised)'*, *"Engagements to Report on Summary Financial Statements"*, uitgevoer is.

PricewaterhouseCoopers Geïnk.
Direkteur: A Stemmet
Geregistreerde Ouditeur

Kaapstad
12 Junie 2018

OPGESOMDE FINANSIËLE STATE

OPGESOMDE GEKONSOLIDEERDE INKOMSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 28 FEBRUARIE 2018

		GROEP		
	%	2018 Rm	2017 Rm	2016 Rm
Bruto omset (insluitend direkte transaksies)	108.20 ▲	6 625	3 182	2 883
Omset (uitgesluit direkte transaksies)	114.52 ▲	6 361	2 965	2 655
Koste van verkope		(5 601)	(2 428)	(2 194)
Bruto wins	41.61 ▲	760	537	461
Bedryfswins	13.19 ▲	314	277	550
Netto finansieringskoste		(103)	(88)	(52)
(Verlies)/Wins uit ekwiteitsverantwoorde beleggings		(12)	24	–
Wins voor belasting	6.44 ▼	199	213	498
Belasting		(91)	(52)	(83)
Wins vir die jaar uit voortgesette bedrywighede	32.90 ▼	108	161	415
Wins uit beëindigende bedrywighede		2	(9)	3
Wins vir die jaar		110	151	418
Wesensverdienste		120	157	100
– Uit voortgesette bedrywighede	19.59 ▼	118	147	97
– Uit beëindigde bedrywighede	80.63 ▼	2	10	3
Wesensverdienste aangepas vir				
Amalgamasiekoste		5	–	–
Amortisasie op handelsmerke en kliënteverhoudinge		5	2	3
Verlies op beleggings in geassoseerde maatskappye in die eerste jaar		16	–	–
Kern wesensverdienste – voortgesette en beëindigde bedrywighede	7.94 ▼	146	159	103

Kern wesensverdienste
R'miljoen



Dividend per aandeel – uitgesluit alle spesiale dividende
Rand



* In vergelyking met 55.2 sent die vorige finansiële jaar.

OPGESOMDE FINANSIËLE STATE

OPGESOMDE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE SOOS OP 28 FEBRUARIE 2018

	GROEP		
	2018 Rm	2017 Rm	2016 Rm
BATES			
Nie-bedryfsbates	2 148	2 105	1 550
Bedryfsbates			
Voorraad	466	429	385
Handels- en ander debiteure	1 226	893	629
Kontant en kontantekwivalente	179	122	70
Ander bedryfsbates	118	47	34
Nie-bedryfsbates gehou-vir-verkoop en bates van beëindigende bedrywighede	–	106	–
Totale bates	4 137	3 702	2 668
EKWITEIT EN AANSPREEKLIKHEDE			
Ekwiteit	2 164	2 113	1 783
Nie-bedryfslaste	452	257	229
Bedryfslaste – lenings en afbetalingsverkoopsooreenkomste	1 093	916	350
Ander bedryfslaste	428	385	306
Laste van beëindigende bedrywighede	–	31	–
Totale ekwiteit en aanspreeklikhede	4 137	3 702	2 668
Aantal uitgereikte aandele ('000)	7 794	7 553	7 550
Netto batewaarde per aandeel, uitgesluit tesourie-aandele (rand)	278	280	236

DIE BASIS VAN VOORBEREIDING

Die opgesomde gekonsolideerde finansiële state is opgestel in ooreenstemming met die kriteria deur bestuur bepaal. Onder die gevestigde kriteria van bestuur word die opgesomde gekonsolideerde staat van finansiële posisie, opgesomde gekonsolideerde inkomstestaat, gekonsolideerde kontantvloeistaat en ander relevante inligting geopenbaar. Hierdie opsommende gekonsolideerde finansiële state word opgestel vanaf die geouditeerde gekonsolideerde finansiële state van Acorn Agri and Food Beperk vir die jaar eindigend 28 Februarie 2018, wat voorberei is in ooreenstemming met *International Financial Reporting Standards*.

OPGESOMDE GEKONSOLIDEERDE KONTANTVLOEISTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 28 FEBRUARIE 2018

	GROEP		
	2018 Rm	2017 Rm	2016 Rm
Kontantvloei uit/(aangewend in) bedryfsaktiwiteite	118	331	25
Bedryfskapitaalveranderinge	(79)	140	(108)
Inkomstebelasting betaal	(58)	(37)	(38)
Ander	255	228	171
Kontantvloei (aangewend in)/uit beleggingsaktiwiteite	(68)	(417)	179
Inkomstebelasting betaal met verkoop van beleggings	(28)	(1)	(49)
Ander	(40)	(416)	228
Kontantvloei uit/(aangewend in) finansieringsaktiwiteite	26	118	(168)
Dividende betaal	(44)	(34)	(45)
Ander	70	152	(123)
Netto kontant toename vir die jaar	76	32	36
Netto kontant, kontantekwivalente en oortrokke fasiliteite aan die begin van die jaar	102	70	34
Netto kontant, kontantekwivalente en oortrokke fasiliteite aan die einde van die jaar	178	102	70